Geagte Aansoeker

**PROFESSIONELE OPLEIDING IN VOORLIGTINGSIELKUNDE 2004**

Baie dankie vir u navraag oor en belangstelling in ons nagraadse opleiding in Voorligtingsielkunde. Ons waardeer dit dat u die Universiteit van Stellenbosch vir hierdie opleiding oorweeg.

Hierdie dokument het ten doel om inligting oor die opleidingsprogram en die voorafgaande seleksieproses te verskaf.

Die bestaande vereiste van die Beroepsraad vir Sielkunde behels 'n magistergraad en eenjarige internskap. Studente sal egter net tot 31 Desember 2006 toegelaat word om met 'n Magistergraad by die Beroepsraad te registreer.

Die eerste studiejaar dek drie komponente. Die teorie-gedeelte behels die volgende modules:

- **Kinderontwikkeling en –psigoterapie**
- **Gesinsontwikkeling en –terapie**
- **Persoonlikheidsontwikkeling en Psigoterapie**
- **Gemeenskap- en Sosiale Sielkunde**
- **Psigometriese Assessering en Evaluering**
- **Filosofie van die Sielkunde en Navorsingsmetodologie**
- **Professionele Ontwikkeling**
- **Beroepsielkunde**

Vir hierdie gedeelte word leeswerk deur die studente vereis wat deur besprekings en seminare gevolg word.

Die tweede komponent van die eerste jaar behels praktiese werk en supervisie. Studente dra 'n gevallelading en ontvang deurlopend supervisie.

'n Navorsingskomponent vorm die derde deel. Van studente word verwag om 'n gevorderde werkstuk te voltooi.

Aan die einde van die eerste jaar volg 'n omvattende eksamen. Indien die eksamen geslaag word en die navorsingskomponent voltooi is, word 'n Magistergraad in Voorligtingsielkunde aan die einde van die eerste jaar toegeken.

Die tweede jaar behels 'n eenjarige internskap.

Toelating tot die professionele opleidingsprogram in Voorligtingsielkunde geskied met behulp van 'n keuringsproses wat jaarliks in Augustus plaasvind. In die verband is die volgende inligting belangrik:

- Die sluitingsdatum vir aansoeke vir 2004 is 30 Junie 2003. Voltooi asseblief die meegaande aansoekvorm en stuur terug aan die Programkoördineerder (adres op aansoekvorm).

- Sluit 'n volledige studierekord (voorgraads en honneurs, indien laasgenoemde graad reeds verwerf is) by u aansoek in. Indien u die honneursprogram vanjaar volg, moet 'n voorgraadse studierekord en 'n verslag oor u honneurspunte tot Junie 2003 aangeheg word.
- Die twee referentvorms moet deur referente van u keuse voltooi word en deur hulle aan die Programkoördineerder gestuur word.
- Na ontvangs van die aansoeke vind 'n pre-seleksie plaas. Die uitslag hiervan sal op 1 Augustus 2003 bekend wees.
- Keuring vind tussen 11 Augustus en 14 Augustus op Stellenbosch plaas.

U word vriendelik versoek om die Departement Sielkunde op 1 Augustus, of so spoedig moontlik daarna, te skakel (tel. +27 21-8083466). U sal dan ingelig word of u tot die keuringsproses toegelaat is en op watter dae gedurende die week van 11 Augustus tot 14 Augustus u op Stellenbosch vir keuring moet aanmeld.

U is welkom om met my in verbinding te tree indien u verdere inligting benodig.

Met vriendelike groete

Dr JC Meyer

Programkoördineerder: Voorligtingsielkunde

Me Lizelle Mulder, +27 21 8083466